

V ERSAMELSTUK

BENODIGDHEDE: ongeveer 6 bolle wit DMC Cébélia Nr. 20 (50-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm; wit DMC masjienborduurgare Nr. 50; stuk wit linne van 70 x 140 cm.

MATE: gs – glipsteek; ks – kettingsteek; st(e) – steek (steke); sp(s) – spatie(s); kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbel-slagsteek; driesl – drieslagsteek; p – picot = 3ks, gs in 1e ks; beg – begin; herh – herhaal; tr – trossie = soveel ste soos genoem in die selfde st of sp saam afgewerk; osk – oop skulp, (1dsl, 4ks, 1dsl) in dieselfde st of sp.

AKKERMOTIEFVIERKANT: begin met 16ks, 1lb in 8e ks vanaf hekelpen, 2ks, slaan 3 ste oor, 1lb, 3ks, gs in 1e ks.

2e ry: 7ks, 10lb (d.w.s. 1lb in elke ks en elke 1b van vorige ry), 3ks, 1dsl in vlg ks.

3e ry: 7ks, 16lb (d.w.s. 1lb in elke ks en 1b van vorige ry), 3ks, 1dsl in vlg ks.

4e ry: 7ks, 22lb, 3ks, 1dsl in vlg ks (alle vlg rye word só beëindig).

Kyk op diagram en voltooi vierkant.

Hekel 'n rondte van 4ks in elke 3ks-sp rondom en knip gare af.

OMRANDING: Begin met 27ks.

1e ry: 1kb in 2e ks vanaf hekelpen. (7ks, slaan 4 ste oor, 1kb) 4 keer, 7ks, gs vas aan middel van die 4kb in 'n hoek van die vierkant en terselfdertyd in die laaste basis-ks.

2e ry: 4ks, slaan 6kb aan buiterand van vierkant oor, gs in vlg rand-kb, hekel dan 2 keer: 3ks, 1kb in middel van 7ks, 3ks, 1dsl in kb, 1ks, slaan 1 st oor, 1dtr, 1ks, slaan 1 st oor, 1dsl, 1ks, slaan 1 st oor, 1dsl, 1ks, slaan 1 st oor, 1dsl; 3ks, 1kb in middel van 7ks, 3ks, 1dsl in laaste kb van vorige ry.

3e ry: hekel 2 keer: 7ks, slaan die ks wat die X vorm oor, 1kb in vlg dsl, 7ks, 1kb in laaste dsl, 7ks, gs in rand van vierkant.

4e ry: 4ks, slaan 6kb aan rand van vierkant oor, gs vas; hekel 2 keer: 1ks, slaan 1 st oor, 1dsl, 1ks, slaan 1 st oor, 1dsl, 1ks, slaan 1 st oor, 1dsl, 1ks, slaan 1 st oor, 1dsl in kb, 3ks, 1kb in middel van 7ks, 3ks, 1dsl in vlg kb; eindig met 4 keer: 1ks, slaan 1 st oor, 1dsl.

5e ry: hekel 2 keer, 7ks, 1kb in 5e dsl, 7ks, 1kb in 1e dsl van vlg groep, 7ks, gs in rand van vierkant.

Herh vanaf 2e tot 5e ry al langs een kant van die vierkant, eindig met 'n 3e ry. Hekel voort sonder om rand aan buiterand van vierkant vas te werk met 'n 4e, dan 5e ry, daarna nogmaals die 2e-5e, dan 2e, 3e en 4e ry. Knip gare af en werk netjies af.

Gebruik nou die 9 rye wat uitsteek as basisry vir vlg rand en herh soos hierbo uiteengesit. Doen dieselfde met die oorblywende 2 kante.

BUITENSTE RAND: hekel 4kb in elke sp aan syrand rondom en 3kb in elke hoek-st.

2e rondte: begin by 'n hoek en hekel 4ks vir 1e dsl, nog 4kg, 1dsl in dieselfde st as 1e dsl (dit vorm die 1e osk), *slaan 4 ste oor, 1osk in vlg st; herh tot einde van rondte.

3e rondte: *3-driesl-tr in vlg osk-sp, 4ks, tot



AANTREKLIKE AKKERLAPPIE

volg hoek; (3-driesl-tr, 8ks, 3-driesl-tr) in hoek; herh vanaf * rondom.

4e rondte: hekel in elke 4ks-sp: (3kb, 1p, 3kb); hekel in die 8 hoek-ks (3kb, 1p, 3kb, 1p, 3kb, 1p, 3kb); herh rondom.


Hekel nou nog 3 sulke vierkante en werk hulle in die laaste roundte soos volg aan mekaar vas:

Verbindingsrondte: begin by die 3e hoek-ks en hekel 1ks, trek pen uit lus en steek dit in die ooreenstemmende p van 'n ander vierkant, tel gevalde lus op en voltooi die p. Herh met alle picots aan een kant en rondom al vier die kante van lappie.

SERVET: hekel vir die akkermotief op die servet soos uiteengesit vir dié van die groter lappie, volgens die klein diagram. Voltooi soos uiteengesit vir die vierkante van groter lappie. Die servet moet 35 x 35 cm groot wees; heg die akkermotief aan een hoek vas met baie digte komberssteek.

Sorg dat materiaal onder motief netjies weggeknip word en maak 'n skulprandjie met die naaimasjien, werk al om die oorblywende deel van servet.

DIAGRAM VIR VIERKANT OP SERVET



Vervolg op uitvoublad